# DIE ONDERWYS VAN DIE VERSTANDELIK-AGTERLIKE KIND

ALGEMEEN BEKEND AS SPESIALE ONDERWYS

Dit is beslis die verantwoordelikheid van die skool om alle kinders so op te voed dat hulle ten volle kan deelneem in die sosiale en ekonomiese lewe. Dit geld ook vir die kinders wat intellektueel minderbedeeld is. Vandaar die besondere aandag wat die verstandelik-agterlike kind geniet.

Op die huidige tydstip staan die provinsiale onderwys in Transvaal in die teken van differensiasie, wat as doel het die ontwikkeling van elke skoolgaande kind volgens sy intelligensie, sy vermoë en sy aanleg. Omdat die praktiese toepassing van gedifferensieerde onderwys nog in sy eksperimentele stadium is, is daar noodgedwonge nog leemtes en sal wysigings aangebring moet word. Maar alles in ag geneem wil ek my verstout om te sê dat gedifferensieerde onderwys geslaagd is.

Nou is die vraag, wat is die intellektuele vermoëns van ons skoolbevolking en waar pas die onderwys van die verstandelik-agterlike kind in die onderwyspatroon in.

Die I.K.'s van die opvoedbare skooljeug in Transvaal wissel tussen 50 en 145+. 'n Kind met 'n I.K. van onder 50 word as onopvoedbaar beskou. Dit gee 'n indruk van die uiteenlopendheid van die verstandelike vermoëns van ons skoolbevolking.

Uit statistieke van die Transvaalse Onderwys Departement wat die I.K.-verspreiding en skoolprestasies aandui, kan die volgende afgelei word:

1. Dat 'n I.K. van 110 die minimum is om normaalweg in die matrikulasie-eksamen te slaag;
2. dat 'n I.K. van 105 die minimum is om in die skooleindsertifikaat te slaag;
3. dat 'n leerling met 'n I.K. van 95 baie selde daarin slaag om 'n volle hoërskoolkursus te deurloop;
4. dat 'n leerling met 'n I.K. van 95 die huidige st. VIII-peil baie moeilik vind;
5. dat baie min leerlinge met 'n I.K. van onder 90 daarin slaag om die huidige st. VIII af te lê;
6. en dat baie min leerlinge met 'n I.K. van 85 daarin slaag om die huidige st. VI af te lê.

Op grond van hierdie afleiding kan die opvoedbare skoolbevolking in die volgende vier bekwaamheidsgroepe ingedeel word.

A. I.K. 110 en hoër, 20%, besoek die universiteit.

B. I.K. 100—110, 30%, slaag skooleindsertifikaateksamen.

C. I.K. 80—100, 43%, slaag sts. VI, VII en VIII.

D. I.K. onder 80, 7%, ontvang spesiale onderwys.

Hierdie indeling is ook die indeling wat gemaak word vir gedifferensieerde onderwys.

Voorafgaande gee dus 'n duidelike beeld van waar spesiale onderwys in die onderwyspatroon inpas.

Nou word aanvaar en dit is ook bewys dat die verstandelik minderbedeelde kind 'n positiewe bydrae kan lewer in die gemeenskap asook in die beroepswêreld, en die hoofdoel van spesiale onderwys is om die spesiale leerling die geleentheid te gee om sy potensialiteite te verwesenlik.

Die spesiale leerling mag verstandelik gekortwiek wees, maar hy is genoegsaam opvoedbaar en kan voldoende voordeel uit spesiale onderwys trek om sosiaal bekwaam te wees en ekonomies onderhoudend te word.

Om hierdie rede trag die Onderwysdepartement om die verstandelik-afwykende kind van geskikte omgewing, leerplan en opvoedkundige geleentheid te voorsien wat by sy behoeftes en tekortkominge pas en hom in staat sal stel om 'n volwaardige burger te word.

Die spesiale onderwys neem dus as uitgangspunt die volgende beginsels wat berus op die potensialiteite sowel as op die tekortkominge van die spesiale kind:

1. Die verstandelike ontwikkeling van die spesiale kind is stadiger as die van die normale kind en derhalwe moet sy kursus langer wees.
2. Die spesiale kind kan op gelyke peil met die normale kind ontwikkel wat die fisiese en sosiale ontwikkelinge betref en ook in handvaardigheid.
3. Spesiale onderwys is noodsaaklikerwys beroepsonderwys en meer bepaald van die ongeskoolde en halfgeskoolde beroepe.

## DOELSTELLINGS:

Voorafgaande beginsels stel ons in staat om die konkrete doelstellings van spesiale onderwys as volg te formuleer:

1. Die doelstellings is nie soseer om st. VI te slaag nie, maar om die gesindhede te kweek wat die kind in staat sal stel om 'n normale aanpassing by die gemeenskap te maak.
2. Die verstandelik afwykende kind moet opgevoed word om

met ander mense klaar te kom. Sy opvoedkundige program moet dus sosiale verhoudinge beklemtoon.

3. Hy moet beroepsonderrig ontvang sodat hy sy eie bestaan kan maak en 'n volwaardige burger kan word.
4. Hy moet geleer word om emosionele stabiliteit en onafhanklikheid in die skool te ontwikkel.
5. Opvoeding in persoonlike sanitasie en gesondheid is noodsaaklik.
6. Slegs 'n minimum kennis van die instrumentvakke word vereis.
7. Vryetydsbesteding en die aankweek van liefhebberye is 'n vereiste.
8. Hy moet geleer word om 'n verantwoordelike lid van die gesin te word.

Algemeen gestel word dus gesondheid, die beroep, die gesinslewe, persoonlike ontwikkeling en sosiale selfstandigheid in die doelstellings van die spesiale onderwys beklemtoon en word werklike akademiese opleiding beperk tot dit wat hy kan baasraak.

Dit is dan ook die rede waarom ons verwag dat die spesiale leerling koerante en tydskrifte moet kan lees en verstaan. Die leergange moet dus toegespits wees op dit wat vir hom praktiese waarde in sy latere loopbaan sal hê. Omdat die intellektuele vermoë van die leerling beperk is, en omdat die geheue en abstrakte denke swak is, moet noodgedwonge toegespits word op die leerstof wat hom beter sal toerus vir die ambag wat hy sal volg. Godsdiens as algemeen vormende vak en as middel om koers en vastigheid aan sy lewe te gee kan nooit oorbeklemtoon word nie.

Hy moet die woordeboek, die telefoongids en die spoorwegrooster ens. kan lees en verstaan. Praktiese Rekenkunde soos by die koop en verkoop van artikels, die afmetinge van materiaal vir die vervaardiging van artikels ens. moet bemeester word.

Waar hierdie leerlinge meer frustasies as die normale kind in die huislike en skoolomgewing ondervind wat hulle normale emosionele lewe ontwrig, is hulle geneig om gevoelens van minderwaardigheid en onvoldaanheid te openbaar.

Die spesiale onderwys met sy leerplan wat daarop gerig is om die kind sukses te laat ondervind en selfrespek te laat ontwikkel in en buite die skool, moet 'n gevoel van sekuriteit en selfvoldaanheid aankweek.

## KENMERKENDE EIENSKAPPE VAN DIE SPESIALE LEERLING:

Die menslike organisme is 'n psigo-fisiese eenheid wat op elke trap van sy ontwikkeling sekere kenmerkende eienskappe openbaar. Daar is 'n parallelle ontwikkeling van liggaam en verstand.

By die verstandelik-afwykende kind het die liggaam redelik normaal ontwikkel maar die verstand is vertraag en veral die koördinasie tussen die psigiese en die fisiese is in die ontwikkelingsgang ontwrig.

Oor die algemeen is die geheue-, denk-, redeneer-, oordeels- en diskriminasievermoë swak. Die belangstellings is nie wyd nie en tot een of 'n paar rigtings beperk. Die aandag fluktueer en die vorming van assosiasies is swak. Daar is 'n gevoel van minderwaardigheid en gebrek aan ondernemingsgees. Praktiese insig en 'n hoë mate van handvaardigheid word dikwels geopenbaar.

Min of meer 80% van die seuns wat die spesiale skool verlaat bereik 'n st. VII-, VIII- of IX-peil in die praktiese werk en die dogters bereik 'n st. VIII-, IX- of X-peil in hulle Huishoudkunde en Naaldwerk.

## DIE SPESIALE SKOOL:

In baie klasse in die laerskole is daar leerlinge wat skolasties nie kan byhou by die res van die klas nie. Sulke leerlinge toon baie min of geen vordering nie, omdat hulle werk moet doen wat bokant hul vuurmaakplek is, want 'n leerling wat in standerd twee is, moet standerd twee rekenkunde doen of hy kan of nie.

Die sielkundige van die Onderwysdepartement gee dan op versoek van die skoolhoof indiwiduele I.K.-toetse aan die leerlinge. Het die leerling reeds gedruip en is sy I.K. onder 80, word vorm T.O.D. 159, waarop die rekord van die kind vandat hy die dag die skool vir die eerste keer besoek het, ingevul. Hierdie verslag word aan die Sielkundige en Voorligtingsdiens gestuur. Word besluit dat die leerling die meeste baat by spesiale onderwys kan vind, word hy as sodanig gesertifiseer.

Leerlinge wat onder 13 jaar oud is, word in spesiale klasse aan laerskole saamgetrek terwyl die leerlinge wat 13 jaar en ouer is, oorgeplaas word na Senior Spesiale skole.

## WAARIN ONTVANG DIE LEERLINGE ONDERRIG:

Onderrig word aan die leerlinge gegee in al die vakke wat in die laerskool onderrig word, nl. Godsdiensonderrig, Rekenkunde, Afrikaans, Engels, Gesondheidsleer en Algemene Kennis (wat Geskiedenis, Aardrykskunde en Natuurkennis insluit). Die senior seuns kan dan nog tussen Houtwerk, Boukunde en Sweiswerk kies, terwyl al die senior dogters benewens die skoolvakke onderrig in Naaldwerk en Kookkuns kry.

In Spesiale klasse word geen voorberoepsopleiding soos Houtwerk, Boukunde of Sweiswerk vir die seuns en Huishoudkunde

en Naaldwerk vir die dogters onderrig nie, terwyl alle leerlinge in die Senior Spesiale skool wel onderrig in die vakke ontvang.

Die groot verskil tussen die laerskool en die Spesiale skool is dat, waar die laerskool 'n leergang in 'n vak het, al die leerlinge in daardie klas daardie werk moet doen. Die kind word dus aangepas by die leerstof. In die Spesiale skool is dit net andersom. Hier word die leerstof aangepas by die kind.

Wanneer 'n leerling vir die eerste keer die Spesiale skool besoek, word skolastiese toetse aan hom gegee om vas te stel wat sy peil in elke vak is. Dit mag gevind word dat sy Afrikaans st. IV peil is, terwyl Engels st. 11-peil en sy Rekenkunde st. III-peil is. Nou gaan die leerling in elke vak verder vanwaar hy kan. Dit is dus indiwiduele onderwys.

Met die groepering van die leerlinge word altyd probeer om die klasse so homogeen moontlik in te deel. Dit maak die werk van die onderwyser makliker en stel hom in staat om meer werk te verrig.

In die Spesiale skool slaag of druip geen leerling nie. Die indeling van die klasse is so dat die groepe skolasties redelik homogeen is. Alle skoolvakke leen hulle nie daartoe om indiwiduele onderrig te gee nie. In Rekenkunde is dit maklik om twintig leerlinge in 'n klas elkeen op sy eie peil en teen sy eie tempo te laat werk, maar dit is prakties onmoontlik om drie taallesse in een 30 minute-periode te gee. Hier vind die differensiasie by die skriftelike werk plaas. Die wyse waarop die klasindeling plaasvind is dus van die uiterste belang vir die onderwys in die Spesiale skool.

Die senior klasse het twee dae in die week praktiese ambagsopleiding en drie dae skolastiese onderrig. Die dertienjarige leerlinge ontvang egter vier dae skolastiese onderrig en een dag praktiese opleiding. 'n Groot gedeelte van die skooltyd word dus aan praktiese opleiding bestee, omdat die oorweging hier is dal al die leerlinge 'n heenkome gaan vind in een of ander ambag. Hulle opleiding moet hulle so goed moontlik toerus vir die latere loopbaan.

UITPLASING:

Op die oomblik is dit nog ons grootste probleem. Hierdie seuns en dogters verlaat die skool op sestienjarige leeftyd met 'n st. VI-verklaring van Prestasie. Die seuns probeer gewoonlik om iewers as vakleerling ingeskryf te word. By die Arbeidsburo waar hulle moet registreer, word skriftelike toetse afgelê.

Hulle moet dus kompeteer met sts. VII- en VIII-leerlinge, hoewel hulle wat handvaardigheid en praktiese opleiding betref, ver bo hierdie leerlinge staan. Die gevolg is dat die meeste van

hulle sukkel om werk te bekom. Dit word allerweë gevoel dat die staat hier moet ingryp en moet sorg vir werkverskaffing.

Dit bly 'n onbetwisbare feit dat ons hier te doen het met 'n intellektueel-minderbedeelde medemens. As Christen-Afrikaners het ons 'n besondere plig teenoor die leerlinge, nie net die persone wat onderwys aan hulle gee nie, maar ook ons algemene publiek.

Ondervinding het ons geleer dat baie min mense, insluitende ons kollegas, op hoogte is van Spesiale onderwys en wat dit behels.

Potchefstroom. G. H. Bezuidenhoud.